

Hoofstuk van die dag: Levitikus 19

> *Praat met die hele gemeente Israel en sê vir hulle: Wees heilig, want Ek die Here julle God is heilig. (vers 2)*

Hierdie hoofstuk is ’n praktiese uitwerk van die Tien Gebooie. Al die gebooie word hanteer, behalwe die eerste gebod, en die

hoofstuk word omraam deur die inleidingswoorde tot die Tien Gebooie in Eks 20: “Ek is die Here julle God” (vers 2, 36) “wat julle uit Egipte laat wegtrek het” (vers 36).
Om heilig te wees, beteken om anders te wees, aan God gewy te wees. Omdat God uitsonderlik en uniek is, moet ons wat aan Hom behoort, ook so wees, al kan ons nooit soos Hy wees nie. Ons lewe en woorde en dade moet egter wys dat ons aan Hom behoort. Dit moet oor die hele terrein van die lewe na vore kom. Elke verhouding waarin ons staan, elke ding wat ons doen, alles moet dié feit ondersteun: ons is anders, want ons God is anders.
Die alledaagse lewe staan nie los van ons geloof in die Here nie. Belydenis en lewe gaan hand aan hand. Dalk het Jakobus (Jak 2:26) aan hierdie hoofstuk gedink toe hy geskryf het dat geloof wat nie in dade oorgaan nie, dood is?

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026